mm) met fyn sekondêre blaartjies. Haakdorings kom in pare voor, op nodes.

Apiesdorings is van die bekendste Acacia-soorte wat as bonsai gebruik word. Die boompie groei relatief vinnig, het nie groot onooglike dorings nie en sy stam verouder mooi. Pasop vir takke wat te geil groei siende dat die internode afstand te groot kan raak. Die groeiwyse maak Apiesdorings geskik vir 'n groter tipe bonsai. Die blare het 'n fyn voorkoms wat maklik verklein onder die regte behandeling. Takkies sterf ook nie sommer terug na snoei nie en maak gou nuwe takkies. Die boompies het ook n lang leeftyd en sterf nie maklik nie.

A. nigrescens Oliv. (Knoppiesdoring)

Dit is n groot enkelstammige boom. Jong bome het soms n silindriese voorkoms terwyl ou bome 'n ronde kroon het wat effens uitgesprei is. Die boom is n stadige groeier in die natuur maar groei vinniger onder gunstiger toestande met meer water (ongeveer 4 meter na 7 jaar).

Knoppiesdorings kom voor in die warm droë dele van die bosveld en verkies laagliggende basalt- en doloriet-gronde. Dit is droogtebestand maar rypgevoellig.

Die bas vertoon grys met growwe splete afwaarts. Dit het 'n saamgestelde blaar (ongeveer 30 x 80 mm) met growwe sekondêre blaartjies (ongeveer 10 x 8 mm). Haakdorings kom in pare voor op nodes.

Knoppiesdorings word redelik algemeen gebruik as bonsai-materiaal. Hulle het nie groot dorings nie. Boompies

groei ietwat stadig. Die stam verouder mooi. Die blare vertoon n bietjie grof maar verklein goed onder behandeling. Die boompies bot normaalweg later as die ander Acacia-soorte en moet nie te nat gehou word gedurende die winter en vroeë lente voordat hulle gebot het nie. Takkies is soms geneig om stil te staan na snoei sonder om weer uit te loop. Terugsterwing van takkies is nie juis 'n probleem nie. Takkies wat uitloop is ietwat stokkerig, regop na bo, en moet normaalweg bedraad word. Die boompies het n lang leeftyd en sterf nie maklik nie mits dit nie aan koue blootgestel word nie.

A. burkei Benth. (Swartapiesdoring)

Dit is n groot enkelstammige boom wat hoog vertak met 'n verspreide, naastenby ronde kroon. Die groeitempo van bome is redelik stadig (ongeveer 5 meter in 7 jaar).

Die bome kom voor in laagliggende dele op graniet en sanderige gronde. Dit verkies n hoër reënval as knoppiesdoringbome. Dit is redelik droogtebestand maar rypgevoellig.

Die bas van volgroeide bome het redelike afwaartse splete met horisontale krake en 'n neiging om los flokkies te maak. Die kleur wissel van n medium grys tot rooierige bruin. Dit het 'n saamgestelde blaar (ongeveer 25 x 40 mm) growwe sekondêre blaarjies hoewel, fyner as die van koppiesdoringbome. Haakdorings kom in pare voor op nodes.

Swartapiesdoringbome word reeds met groot welslae as bonsai-materiaal gebruik. Hoewel die boompies redelik